

1 September

Skrifgedeelte: Psalm 106 (NAV)

Fokusgedeelte: Psalm 106:43-48 (NAV)

In Christus alleen redding uit nood!

Israel is in ballingskap. Hulle het alles verloor. Waarom hierdie troostelose situasie? Die psalmdigter gee vir hulle die redes deur hulle te neem op 'n voëlvlug deur die geskiedenis. Die reis begin met die uittog uit Egipte (vs 7-12), gelei deur die woestyn (vs 13-33), tot in Kanaän (vs 34-39). Deurgaans blyk die volk se ondankbaarheid. Daarmee saam egter ook die Here se genade. Aan die genade het egter 'n einde gekom weens die volk se volgehoue ontrou. Daarom het Hy hulle nou oorgegee aan hulle vyande (vs 40-42).

Tog begin en eindig hierdie geloofslied met "Prys die Here". Hoe is dit moontlik? Kyk net weer na die geskiedenis! Die Here het sy volk telkens gered (vs 43), hulle nood raakgesien, hulle smeekgebede verhoor (vs 44), aan sy verbond gedink en was in sy groot liefde genadig (vs 45). Soos in die geskiedenis, sal die Here dit weer doen! Maar dan is nodig: hartgrondige skuldbelydenis (vs 4-6) en "voortdurend doen wat reg is" (vs 3). Vergelyk Joël 2:13 vir 'n aangrypende samevatting: "Skeur julle harte, nie julle klere nie. Kom terug na die Here julle God toe: Hy is genadig en barmhartig; Hy is lankmoedig en vol liefde. Hy is bereid om die straf te herroep!"

Wat 'n ooreenkoms met die nood in Suid-Afrika. Is God se volk nie net so uitgelewer aan heidene, vyande en haters nie? En is die enigste antwoord vir die toekoms nie ook dié van hierdie Psalm nie?

Die embleem van die GKSA is dat die poorte van die hel die stad op die rots nooit sal oorweldig nie. Christus is ons enigste Rots en Redder! Hierdie belydenis is ons waarborg vir die toekoms. Laat ons dus altyd in volle geloofsekerheid sing: "Prys die Here!"

Sing: Psalm 71:1, 2 (1936-beryming)

Ds CJ Nagel (Phalaborwa)